# Brahman-sukses oor geslagte heen

**Op 85 is die legendariese mnr. Nico Meyer dalk die oudste Brahman-teler wat steeds – al is dit net met goeie raad en bystand – alles weet wat in die familie se Loriza-stoetery aangaan.**



Mnr. Nico Meyer FOTO: VERSKAF

Hoewel hy deesdae in 'n aftree-oord op Groot-Brakrivier in die Suid-Kaap woon, is mnr. Nico Meyer se brein nog skerp. Hy stel nie net in die familieboerdery belang nie, maar hy hou hom daagliks besig met die verhandeling van aandele op die aandelebeurs.




Sy seun, Louis, vertel sy pa was 16 jaar oud toe hy matriek geskryf het. Hy het omstreeks 1954 saam met sý pa, Morris, by Vereeniging begin boer. Morris het as 'n jong man geld verdien deur mieliekoppe op te tel. Later het hy grond en 'n span osse gehuur om mielies te plant en met Afrikaner-koeie te boer. Uiteindelik kon Morris sy eie plaas by Welverdiend by Zeerust koop, waar hy 'n osboerdery gehad het, terwyl hy met die boerdery by Vereeniging aangegaan het.

Die Brahman-boerdery se wortels kan teruggevoer word na die tyd toe Morris 'n vers van Namibië af bekom het. Hy het toe reeds besluit dit is beter om klem te lê op koeilyne, pleks van bullyne; 'n beleid wat vandag nog met groot vrug gevolg word. Afrikaner-koeie is met Brahman-bulle gepaar, maar hy het gesukkel om goeie bulle te kry. Daarom het hy sy eie bulle begin teel. Die kombinasie van die geharde Afrikaner en vrugbare Brahman was 'n goeie kruising.

"Oupa Morris en prof. Jan Bonsma was verlangs familie en het baie gesels oor watter rasse die beste vir die ontwikkeling van die Bonsmara is.

"Oupa het die meeste van die Brahmane gehou, maar ek onthou hulle was baie kwaai," sê Louis.

Morris het dus van die begin af seleksie gedoen om makker Brahmane met goeie spene te teel. Hy het later die maatskappy Tommiesrus gestig, met die hoofkwartier op die plaas Tommiesrus by Lichtenburg, wat steeds die hoofplaas is.

Nico het toe die leidende rol gespeel, met Morris altyd byderhand om raad te gee.

"Hierdie beleid geld van geslag tot geslag. My oupa het my pa toegelaat om leiding te neem, maar hy was beskikbaar vir raad. Later het my pa dieselfde met my gedoen en vandag laat ek my seun, Louis jr., toe om leiding te neem met baie besluite," sê Louis.

"Ek sou nooit gekom het waar ek vandag is as dit nie vir my pa se bystand was nie. Hy stel nog baie belang in die boerdery en bel my gereeld om op die hoogte te bly. Dit getuig van goeie familiebetrekkinge."

## PIONIERSJARE

Mnr. Dave Morley, wat in die beginjare uitvoerende hoof van die Brahman-beestelersgenootskap was, het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van die Brahman in Suid-Afrika. Nico en Dave het baie oor die verbetering van die Brahman gesels en 'n plan beraam om 'n bul volgens sy sterk en swak punte te beoordeel. Dan kon 'n boer self bepaal watter persentasie nageslag van 'n bepaalde bul byvoorbeeld swak skedes of bottelspene kan teel, of goeie kalwers, en 'n randwaarde aan die bul koppel. Onder 'n sekere vlak was dit beter om hom te slag. Dit het later tot die Mildex- en Bradekspunteskaal gelei.

Nico was ook 'n bekende Brahman-beoordelaar en het diep spore in die pioniersjare van die ras getrap; die tye toe mnre. John Warren en Alf Coetzer ook 'n groot rol gespeel het.

## LEEF VIR BEESTE

Louis sê sy ma, Julene, het 'n vlymskerp brein gehad, wat nuttig was toe alle aantekeninge met die hand en tikmasjien gedoen is.

"My ouers was 'n puik span. Ma het niks vergeet nie en kon registrasienommers en ander syfers oor elke bees onthou," sê Louis. Sy ouers het regtig vir hul beeste gelééf.

Loriza Brahmane is een van die oudste kuddes en Nico is dalk die oudste teler wat steeds betrokke is.

Louis beskryf sy pa as 'n uitstekende sakeman en boer. "Hy het 'n baie skerp brein. Al gooi hy nie meer self lek in die krippe nie, weet hy van alles wat in die boerdery aangaan."

Van die belangrike lesse wat hy by sy pa geleer het, is dat dit nie saak maak hoeveel geld jy verdien of hoeveel jy daarvan oorhou nie, maar eerder wat jy met die geld doen. Ook pa Nico se leuse met die vyf P's: *Proper preparations prevents poor performance.*